

Tegnologie, sosiale media voordelig vir geletterheidsontwikkeling

Zelda Barends*

Die COVID-19-pandemie en die nasionale staat van inperking wat daarop gevolg het, het ons weer aan die ongelykheid, verskille en teenstrydighede in ons land se onderwysstelsel herinner. Ek is seker elke onderwyser het hul bes gedoen om te verseker dat onderrig en leer gedurende die inperkingstyd kon voortgaan. Ondanks al hierdie pogings is die hartseer werklikheid egter dat leer vir *sommige* leerders geheel en al tot stilstand gekom het in hierdie tyd. Die redes hiervoor kan die gebrek aan hulpbronne en toegang tot ruimtes en platforms wees wat vir die voortsetting van leer gebruik is.

Suid-Afrika se taal- en geletterheidsklaskamers is 'n wonderlike, dog ingewikkelde tapisserie. Die meeste is veeltalige ruimtes gevul met leerders wat verskeie tale op verskillende maniere praat en gebruik. In hierdie klaskamers leer die meeste leerders ook nie in hul moedertaal nie. Al is die taal- en geletterheidsklaskamer 'n wonderlike ruimte om verskille te omarm, moet ons onself afvra of ons genoeg ruimte en tyd skep sodat dit kan plaasvind.

Hoewel mense een taal praat, gebruik verskillende mense dikwels dieselfde taal verskillend. Die vraag wat ons onself moet afvra, is: Beïnvloed hierdie verskil dit wat in die klaskamer gebeur? Verder word die taal- en geletterheidsklaskamer ook vertroebel deur die verskil in leerders se leesvermoëns. Die 2016-navorsingsverslag van *Progress in International Reading Literacy Study* (PIRLS) dui daarop dat 'n betreurenswaardige groot persentasie van ons leerders sukkel om te lees. Hulle is ook nie noodwendige uit 'n homogene groep afkomstig nie; leerders wat sukkel om te lees is taamlik uiteenlopend.

Hoekom is daar dan so baie leerders wat nie leer lees nie? Ek glo leerders se leesvermoë hang af van hul taalvaardigheid, asook van verskeie geletterheidsvaardighede wat in plek moet wees. Ter viering van Internasionale Geletterheidsdag op 8 September, wil ek graag hierdie vaardighede uitlig en ook fokus op hulle ontwikkel en verbeter kan word.

Taalgebiede wat veral belangrik is om as leesvaardighede te ontwikkel, is fonemiese bewustheid (die vermoë om individuele klanke in woorde te kan onderskei); geluidsleer (verbind letters en klanke), begrip (om sin te maak uit teks), woordeskat (ken die betekenis van woorde) en skryf (komposisie en spelling). Bykomend tot dit vorm leerders se mondelinge vlotheid (wat deur luister en praat ontwikkel word) die grondslag vir hul gebruik van taal om ander te verstaan en betekenisvol te kommunikeer.

Navorsing erken dat belangstelling, motivering, agtergrondkennis, kultuur en taalkunde, sosio-ekonomiese status en ondervindings uit die verlede alles 'n uiters belangrike rol speel in die proses om te leer lees. Lees moet dus nie as 'n aksie beskou word waar woorde korrek gelees word nie. Dit is 'n proses wat die korrekte identifisering van woorde insluit, asook om te verstaan wat gelees word terwyl kennis oor die wêreld terselfdertyd bevestig en uitgebou word. Die tipe tekste wat gebruik word om lees aan te leer en te ontwikkel, speel ook 'n fundamentele rol in die fasilitering van leerders se lees.

Stel jouself 'n klaskamer voor waar leerders enige teks van hul keuse kan lees. Die samelewing het literêr ryk geword. Gedurende die staat van inperking was sommige leerders bevoorreg genoeg om aan te hou lees deur tegnologiese toestelle te gebruik; ander leerders was van gedrukte tekste soos boeke en koerante afhanklik. Ondanks hul omstandighede, het leerders toegang tot 'n verskeidenheid soorte teks gehad. Sommige leerders kon visuele tekste (byvoorbeeld prente, ens)

geniet, terwyl ander hulle tot sosiale media kon wend. Die wêreld van tegnologie bied regtig aan onderwysers en skole die geleentheid om gewilde kulture/tekste by skole in te sluit. Wat daarvan as ons Facebook-platforms in ons onderrig- en leeraktiwiteite gebruik om leerders se geletterdheids- en leesvaardighede te ontwikkel? Wat daarvan as ons leerders toelaat om hul eie weergawes en vertalings van Master KG se *Jerusalema* te skep terwyl hulle aan die *Jerusalema*-uitdaging deelneem?

Op hierdie manier gebruik ons leerders se belangstellings om hul geletterdheids- en leesvaardighede binne te dring. Ons skep ook 'n geleentheid om hul ondervindings en assosiasies ter ontwikkeling van hul geletterdheidsvaardighede te gebruik.

Die insluiting van tegnologie en sosiale media by geletterdheidsontwikkeling het talle voordele. Baie leerders is vasgegom aan verskillende tegnologiese toestelle. Wanneer hulle byvoorbeeld 'n platform soos Facebook gebruik, moet hulle tradisionele leesvaardighede soos blaai lees, taalreëls en stem toepas, terwyl hulle ook geletterdheidsvaardighede nodig het om 'n storie saam te stel om te plaas. Die gebruik van sosiale media stel leerders ook in staat om interaksie te hê met mense uit verskillende kulturele, etniese, geloofs- en sosio-ekonomiese agtergrond en perspektiewe. Dit komplementeer dikwels formele onderrig en leer, en inkorporeer ook gemarginaliseerde stemme in die kurrikulum.

Miskien kan ons, as deel van ons Internasionale Geletterdheidsdagvieringe, mekaar uitdaag om aan 'n innoverende manier te dink om tegnologie en sosiale media te omarm terwyl ons voortgaan om ons leerders se geletterdheids- en leesvaardighede gedurende hierdie pandemie en daarna te ontwikkel.

***Dr Zeldá Barends is 'n dosent in die departement Kurrikulumstudie by die Fakulteit Opvoedkunde aan die Universiteit Stellenbosch.**